

20 *Sondag*

SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 2:25-41

FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 2:30

Seled – Verhoog God te midde van ’n hopelose toekoms

Dikwels lyk ’n gelowige se toekomsverwagting, menslik gesproke, hopeloos! Seled (jubel, verhoging) was só ’n persoon. Hy was ’n man uit die nageslag van Gesron, Jeragmeël se pa. Hoewel hulle uit die nageslag van Juda gestam het, was hulle nie altyd deur die Israeliete as Israeliete gesien nie, omdat daar heelwat Kanaänitiese vroue in hierdie bloedlyn was. Daarby het Seled hierdie doodsvonnis oor sy nageslag gehad: hy was kinderloos. Sy toekomsverwagting, dat die Messias uit sy nageslag sou kom, sou nie bewaarheid word nie.

Tog het sy naam ’n besondere getuienis gegee. Seled beteken “verhoging” en het gewys op die lofprijsing wat die volk aan God moes bring. Wat ’n gepaste naam is dit nie! Sien, Seled het in die tyd van Moses en Aäron geleef en het dus beleef hoe God vir Israel uit die mag van Egipte bevry. Hy kon in die instelling van die pasga deur sy geestesoë die bevestiging kry dat die Messias wel sal kom en dat God redding vir die mensdom gaan bring!

Dikwels lyk ons persoonlike toekomsverwagting maar baie bleek. Tog speel God se verlossingsplan ongehinderd af. Niks kan die verlossing in Jesus Christus ongeldig verklaar nie en niks kan die wederkoms van Jesus Christus keer nie! Dit is juis omdat Paulus hierdie toekomsverwagting gehad het – en beseft het dat dít sý toekomsverwagting is – dat hy kon sê: “... om te lewe is Christus, en om te sterwe, is vir my wins.”

Dit is omdat hy hierdie toekomsverwagting gekoester het dat Horatio G Spafford, nadat hy sy besighede, sy seun en vier dogters verloor het, hierdie woorde van ’n bekende gesang kon dig: *“Though Satan should buffet, though trials should come, Let this blest assurance control, That Christ hath regarded my helpless estate, And hath shed His own blood for my soul ...”*

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 3, 5

Ds. KP (Karel) Steyn (Potchefstroom-Oos)